Tema: Omdat Christus my lewe waardevol gemaak het, is Hy alles in my lewe.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 203: 1,2,3
en vir ons kinders: Lied 542: 1,2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 163:1
Votum
Seën
Loflied Ps. 118 - 2: 1,7
Geloofsbelydenis: HK Sondag 1, vraag 1 - almal hardop saam.

Verootmoedigingsdiens
Wet: 1 Joh. 4: 7 – 21
Sing Sb 14 - 1: 3
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Filippense 3: 1 - 16
Teks: Fel 3: 7,8 en 14
Woordverkondiging
Sing Ps. 119 - 2: 19 (staande)

Sakramentbediening
Nagmaalsformulier van Calvyn
Sing Ps. 23 - 3: 1,3
Nagmaalbediening
Sing aan tafel Ps. 116 - 2: 5,6 en 7.

Antwoorddiens
Gebed aan tafel
Liefdegawes
Sing Sb 14 - 4: 1,2,3,4
Wegstuurseën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde br. en sr.

Wat sou jou reaksie gewees het indien jy vanoggend hier by die kerkgebou gekom het en om een of ander rede kon daar nie vanoggend ŉ erediens met Woordverkondiging en Sakramente wees nie?

Hoe sou jy gevoel het? Sou dit enige verskil aan jou dag gemaak het? Sou dit wees soos met ander geleenthede waar so iets gebeur dat ŉ mens vies voel dat jy nou al die moeite gedoen het om te kom en nou is hier niks? Of dalk innerlik verlig – met die gedagte: miskien ŉ bedekte seën want nou het ek darem ŉ tydjie vir myself om te rus of om dit of dat te doen?

Of sou ons gevoel het dat ons van iets uiters waardevols beroof is? Dat ons gekom het omdat ons voorberei was om iets van groot waarde by ons lewe te voeg? Miskien teleurgestel soos iemand wat sy hart op ŉ groot winskoop gesit het en toe hy by die winkel kom is dit alles uitverkoop. Sou ons gevoel het soos die man in die gelykenis wat Jesus vertel het wat ŉ kosbare skat ontdek het en alles in sy vermoë gedoen het om dit te kry. Dat ons alles in ons vermoë sou doen om gemeenskap met GOD as skat te kan hê en daarom sou ons aandring dat hier ŉ erediens moet wees?

Ja, br. en sr., watter waarde heg u aan hierdie geleentheid vanoggend? Ons het immers verlede Sondag met voorbereiding gehoor dat die enigste lewensvreugde nie te vind is in wat jy as mens doen nie maar dat dit daarin lê om as beeld van God te leef! Dat Jesus die kosbare en wonderbare beeld van God waarmee Hy ons geskep het, kom herstel het en dat ware lewensvreugde daarin lê om as beeld van God te leef en sy heerlikheid hier te weerkaats!

Vanmore vra die Here vir my en jou? Is Jesus en hierdie nuwe lewe in Hom die kosbaarste besitting wat jy het? Watter waarde heg jy daaraan dat jy beeld van God is? Watter waarde heg jy aan jou nuwe lewe? Watter waarde heg jy aan die ewige lewe? Is dit werklik jou grootste skat op aarde?

En daarom: Watter wins, watter heerlikheid, watter genade was jy op voorberei om vandag te ontvang? Is dit vir jou so ernstige saak en so waardevol dat jy – indien jy vanoggend moes omdraai – voor die deur sou bly staan en aangedring het dat hier ŉ erediens moet wees? Dat jy op geen manier bereid is om te verloor wat jy gekom het om te ontvang nie?

En aan die ander kant: wat het ek en jy vanoggend saamgebring wat ons bereid was om weg te gee? Watter prys is ons bereid om te betaal om hierdie wins te verkry? Dat ek en jy ook soos Paulus maklik ŉ lysie kan gee en sê: hierdie dinge wat ek altyd as die belangrikste in my lewe beskou het, beskou ek nou as waardeloos in vergelyking met Jesus Christus!

Geliefdes, die boodskap vanmore is dit: Omdat Christus my lewe uiters waardevol gemaak het, is Hy alles in my lewe!

Ja, sy onbeskryflike genade was so groot dat Hy my wat deur die sonde niks was – dat Hy my lewe waardevol kom maak het! En nou is Hy my Alles! Hy is nou die sentrale Persoon in my lewe en ek offer alles vir Hom op en span my in om Hom te dien!

Brs en srs, en liewe kinders, die Here leer ons hier in die lewe van Paulus eerstens dat die waarde wat ek aan my verhouding met God heg, bepaal my hartsgesindheid / my liefde en my emosionele verbintenis aan Hom. En tweedens bepaal die grootheid of omvang van my gesindheid en my liefde weer die toewyding en oorgawe wat ek bereid is om vir God te maak. Dit bepaal wat ek bereid is om op te offer om hierdie wins in my lewe toe te voeg.

Want wat vanoggend gebeur – soos met elke ander geleentheid wat ek met God verkeer – maar in besonder waar **ek vanoggend saam met Christus eet** - is dat ek die mees waardevolle verhouding in my lewe koester en voed. Paulus sê dat hy tot die besef gekom het dat dit die kosbaarste besitting in ŉ mens se lewe is. Hy het waarde aan baie dinge in sy lewe geheg, aan sy afkoms – in ons terme sy Afrikanerwees en sy status nl. dat hy ŉ baie slim en gesiene kerkleier was. Sy kerklike agtergrond was vir hom alles – dat Hy ŉ Fariseër was – kom ons sê nou maar in ons terme – dat ek ŉ Gereformeerde lidmaat is, dit is uiters belangrik! Paulus het baie gesteun op sy opleiding aan die beste teologiese skool van sy tyd. Maar veral het hy baie gedink van die wyse waarop hy die ewige lewe by God wou verdien! Hy het baie hard vir die Here gewerk! Hierdie dinge was vir Paulus ononderhandelbaar in sy lewe!

Totdat Hy Christus ontmoet het en besef het dat God ons die ware lewe – en die ewige lewe – in Christus geskenk het, toe het hy besef: maar dit is die kosbaarste wat ek het. Ek gee alles prys om dit te ontvang. Alles wat ek so waardevol in my lewe geag het, beteken nou vir my niks – ek moet alles doen om hierdie skat wat ek in Christus ontvang het, te waardeer! Omdat Christus my syne gemaak het – Om aan Christus te behoort.....wat beteken dit nie alles nie!!!!!

Toe Hy die waarde besef van wat God in Christus vir ons gedoen het, het dit sy gesindheid verander. Dit het sy hele lewe verander. Sy ingesteldheid was om Christus in alles voor oë te hou en Hom in alles te dien. Hy wou alles in die stryd werp om meer en meer van Christus te ontvang.

Brs. en srs, is dit ook ons gesindheid vanoggend?
Ek wil dit vir ons kinders so verduidelik: Ek is seker elkeen van julle het een of ander iets wat pappa en mamma dalk eendag vir jou gegee het, wat vir jou baie spesiaal is! ŉ Spesiale beertjie of pop of speelding of boek of slaapkombersie. En as dit weg is, dan huil jy verskriklik totdat jy dit weer kry – dit is jou beste iets wat jy het! En Pappa en mamma sal die hele huis omkeer om daardie beertjie te kry! **So moet Jesus in ons lewe wees! HY is die beste geskenk wat God ooit vir sy kinders gegee het en ons harte is gebreek as ons nie Hom het nie!** Ons sal ons hele lewe omkeer om Hom te hê en Hom as die eerste en belangrikste in ons lewe te stel!

Br en sr, besef jy daarom die onskatbare waarde van wat ons vanoggend hier doen? En dat ek en jy alles daarop rig om die meeste uit hierdie geleentheid te haal. Om die grootste wins te verkry in hierdie besondere ontmoeting met God?

Ja, dit beteken dat ons onsself moet weggee! Ek moet dit wat ek as so verskriklik belangrik in my lewe beskou, ek moet dit laat vaar! Want wat ek wil en wat ek as die beste vir myself en my gesin beskou – dit wat sondig en verkeerd is – ek moet dit laat gaan. My eie wil, my eie begeertes en my eie lewensdoel. Dit moet ek laat vaar om agter Christus aan te gaan.

Hy het immers gesê: wie My volg moet sy of haar kruis opneem! Dit beteken om jou lewe vir Hom te offer!

Br en sr, kom ons wees eerlik met mekaar in die lig van Christus wat met al sy kosbaarheid voor ons staan! Hoe maklik is ons nie bereid om vir alles in die lewe ja te sê maar vir God nee te sê! Hoe maklik offer ons nie alles op vir ons werk, of ons kinders se opvoeding of alles wat die samelewing van ons eis nie! Ons offer ons tyd met die Here daagliks op vir ons werk!
Ons offer ons gesinslewe op vir absolute onnodige goed wat die skool of wêreld van ons kinders vra – maar in die belang van hulle opvoeding – so sê ons – doen is dit!

Maar as dit Sondag word en God sê: nou is dit My dag – ek eis julle vir myself op vir hierdie een dag: dan kan ons sonder om te twyfel: baie edele verskonings uitdink waarom God nou nie meer belangrik is nie! Nou word my en my gesin se voorkeure en belange eweskielik ononderhandelbaar – maar more gee ek dit weg vir die wêreld asof dit niks is nie!
Terwyl God ons hier leer:
Vers 8: : "ek beskou alles as waardeloos want om Christus te ken oortref alles in waarde!"
Vers 9: " al wat ek wens, is om Christus te verkry"
Vers 12" ek span my in om dit alles myne te maak"
Vers 14" ek span my in om by die wenstreep te kom"
Ja – jy kan sê: ag jong Paulus was so bietjie van 'n fanatikus, ons moet dit nou nie so ernstig opneem nie! Maar geliefdes: Die Here wil juis vanmore vir ons sê: jy moet dit ernstig opneem!

Hoekom? Nie omdat ek die prys wil wen nie, maar omdat ek dit reeds het! En wat is die prys? Christus en die onskatbare waardevolle lewe wat Hy vir my gegee het! **Ek het dit reeds – dit is wat die nagmaal vanmore vir ons wys! Die brood en wyn** is die liggaam en bloed van Christus – Hy het vir my die ware en ewige lewe verwerf en aan my geskenk! **En omdat ek hierdie geskenk as die grootste in my lewe beskou, is ek ook bereid om my dinge prys te gee, sodat ek voluit kan deel aan die wins wat Christus my is?**

Geliefdes, Is dit ook my en jou gesindheid vanoggend? Is dit hoe lief ons die Here het? En is dit dan ook die vlak van inspanning wat ons doen om hierdie kosbare skat te geniet en te beleef tot die voluit daarvan?
Want onthou wat leer die Here ons: die waarde van die skat bepaal my gesindheid en my gesindheid bepaal my toewyding!

Die Here sê: deur vanoggend op die regte wyse deel te hê aan hierdie gebeure – aan die Woordverkondiging en die Sakramente – kry jy deel aan **sy opstandingskrag, deel aan die nuwe lewe van die geloof wat die kosbaarste skat is wat u in hierdie lewe kan hê.**

Kan jy daarom verstaan dat ons dalk nou anders moet kyk na hierdie doodgewone gebeure van hierdie Sondagoggend? Ons kan nie bekostig om dit te mis nie! Dit is uiters waardevol – van lewensbelang! Wil jy ook hierin deel? Kom ontvang dit dan uit die hand van God wat dit in Christus aan u skenk!! Alleen uit genade.

En maak Christus alles in jou lewe! Kom ek sluit af met hierdie eenvoudig illustrasie om die boodskap vir ons kinders vas te maak:

Wys houer met klippe en sand.
Grootste klip – Christus
Ander klippe – belangrike dinge
Sand – minder belangrike dinge – geen sonde!

As ons Christus eerste plaas – dan val alles in ons lewe reg! As ons ander dinge eerste plaas – dan is daar nooit plek vir Christus nie!

Amen